Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2017

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Asseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(**√**)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

____________ . ____________________________ . ____________________
___________________ . _____________________________ . ____________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$ (omkring)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *Enige ander relevante antwoord.*

2.3 **Globale assessering van ʼn opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ʼn beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ʼn argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ʼn relevante inleiding (aangedui met ʼn kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ʼn relevante slotopmerking (aangedui met ʼn kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |

Kopiereg voorgehou 

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het ŉ goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. ŉ Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om ŉ onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om ŉ duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot ŉ sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument. Poog om ŉ argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om ŉ gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| ***VLAK 6*** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | **43–46** | **40–42** | **39–39** | | | | |
| ***VLAK 5*** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **33–34** | **28–29** | | |
| ***VLAK 4*** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| ***VLAK 3*** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| ***VLAK 2*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal | | | | | **20–23** | **18–19** | **15–17** |
| ***VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | **14–17** | **0–13** |

## * Riglyne vir die toekenning van ŉ punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE

### VRAAG 1 WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE SWARTBEWUSSYNS-BEWEGING EN DIE SOWETO OPSTAND OP DIE ANC?

1.1 1.1.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1*]
- Engels
- Afrikaans (2 × 1) (2)

1.1.2 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2*]
60 minute (1 × 2) (2)

1.1.3 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2*]
- Om swartes ongeletterd te hou
- Om hulle voor te berei vir slawerny
- Om konstante vloei van goedkoop arbeid vir blanke besigheid te verseker

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.1.4 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1*]
- Staat
- Kerk (2 × 1) (2)

1.1.5 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1*]
Daar word nie 'n woord genoem van die bydrae van Swartes tot hierdie instellings en die ontwikkeling van die land in die algemeen nie. (1 × 2) (2)

1.1.6 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2*]
Nee
- Die ekonomie was grootliks afhanklik van goedkoop swart arbeid
- Die mynbedryf was grootliks afhanklik van goedkoop swart arbeid
- Die mynbedryf het gelei tot die industrialisering van Suid-Afrika

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.2 1.2.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1B – V1*]
- Bantoe-onderwys (1 × 2) (2)

1.2.2 [*Vergelyking van inligting in Bronne 1A en 1B – V3*]
- Bron 1B verklaar dat Bantoe-onderwys ontwerp was om swartes te onderwerp aan ongeskoolde arbeid regoor die ekonomie en daarom is vakke soos tuinbou, grondbewaring (Bron 1A) bekend gestel.

- Bron 1B verklaar dat Bantoe-onderwys ontwerp was om arbeid aan wit nywerhede te lewer en daarom is vakke soos tuinbou en grondbewaring (Bron 1A) bekend gestel.

- Albei bronne toon dat swartes ontneem was van behoorlike wiskunde (Bron 1A) wat hul loopbaangeleenthede beperk het en hulle gedwing het om ongeskoolde arbeid te verrig. (Bron 1B)
- *Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.2.3 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1B – V1*]
- SASO
- SASM (2 × 1) (2)

1.2.4 [*Die bepaling van regverdiging binne Bron 1B – V3*]
Geregverdig
- Swartes is as 'n minderwaardige ras beskou en dienooreenkomstig behandel
- Swartes was van hul politieke regte ontneem
- Swartes was van hul ekonomiese regte ontneem – gesien as 'n bron van goedkoop arbeid
- Swartes is van ander rasse geskei en was voorsien van swak fasiliteite en swak onderwys.

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.3 1.3.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C – V1*]
- ANC (1 × 2) (2)

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2*]
- ANC was die oudste/eerste party wat gestig was om apartheid teen te staan
- Die meeste vooraanstaande leiers van die Soweto-opstand was lede van die verbode ANC
- Swartbewustheid ondersteun en versprei die idees van die ANC in ballingskap
- ANC het ondergronds gewerk om die jeug van SA te beïnvloed
- ANC word internasionaal erken as die amptelike mondstuk van die onderdruktes in SA

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.4 1.4.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1D – V1*]
- Om trotsheid en eenheid onder die massas van ons mense te skep
- Om vertroue in hul vermoë te gee om van hul onderdrukking ontslae te raak. (Enige 2 × 1) (2)

1.4.2 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2*]
- Swartbewustheid en die ANC het dieselfde ideologie gedeel
- Swartbewustheidslede het lede geword of was lede van die verbode ANC

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

1.4.3 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1C – V2*]
- Weerstand teen Apartheid was baie swak na die gevangenisstraf van die leierskap tydens die Rivonia-verhoor.
- Opposisie teen Apartheid was swak omdat die NP-regering politieke vryheidsvegters gevangene geneem en of verban het.

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 1 × 2) (2)

1.5 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit alle relevante bronne – V3*]

- ANC was gestig om te veg vir die gelykheid van swartes (Bron 1C)
- Swartes ontvang minderwaardige onderwys (Bron 1A)
- Minderwaardige onderwys poog om wit nywerhede met goedkoop swartarbeid te voorsien (Bron 1B)
- Swartbewustheid het swak onderwysstelsel uitgedaag deur SASO en SASM (Bron 1B)
- Swartbewustheid het rassisme, onderdrukking en uitbuiting uitgedaag – dit was dieselfde idees van die ANC (Bron 1B)
- Swartbewustheid beplan deur ANC in ballingskap (Bron 1C)
- Swartbewustheidlede wat verban was het by die ANC aangesluit in ballingskap (Bron 1C)
- ANC verwelkom Swartbewustheid as ’n ware mag van die rewolusie (Bron 1C)
- Swartbewustheid het die bewussyn van die onderdrukte mense radikaal verander na ’n ingesteldheid van bevryding (Bron 1D)
- ANC is in die 1960’s verban – die pols van ons mense is verswak deur verbanning, gevangenisstraf, ballingskap, moord maar is deur die Swartbewussynsbeweging (Bron 1D) lewendig gehou
- *Enige ander relevante antwoord.*

Die volgende rubriek moet u gebruik om die paragraaf te assesseer

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre manier, bv. Kan nie rapporteer oor **hoe die Swartbewussynsbeweging en die Soweto opstand swartes saamgesnoer het om die doelwitte van die ANC na te streef.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ’n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor ’n onderwerp rapporteer nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot ’n groot mate na die onderwerp, bv. **hoe die Swartbewussynsbeweging en die Soweto Opstand swartes saamgesnoer het om die doelwitte van die ANC na te streef**.<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse bv. Demonstreer ’n deeglike begrip van **hoe die Swartbewussynsbeweging en die Soweto Opstand swartes saamgesnoer het om die doelwitte van die ANC na te streef**.<br>• Bewyse verwys goed na die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp wys. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE VERSKILLENDE POLITIEKE PARTYE OP DIE IDEALE VAN DIE WVK GEREAGEER?**

2.1 2.1.1 [*Eie kennis – V1*]
- Menseregteskendings wat tydens Apartheid plaasgevind het

(1 × 2) (2)

2.1.2 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1*]
- Suid-Afrika se vreedsame oorgang na demokrasie
- Die Waarheids-en-versoeningsproses as ŉ nuwe manier van lewe vir die mensdom. (2 × 1) (2)

2.1.3 [*Interpretasie van bewyse vanuit bron 2A – V2*]
- Baie slagoffers is nie die vergoeding van R30 000 betaal nie.

(1 × 2) (2)

2.1.4 [*Interpretasie van bewyse vanuit 2A – V2*]
- Om die waarheid uit te vind van wat in die verlede gebeur het
- Om by te dra tot nasiebou en versoening
- Oortreders moes vorentoe kom en die volle waarheid openbaar
- Misdadigers sou amnestie kry indien hulle politieke motiewe gehad het
- Slagoffers moes oortreders vergewe

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

2.1.5 [*Interpretasie van bewyse vanuit 2A – V2*]
- Hy het verwys na daardie blankes wat politieke misdade gepleeg het, maar geweier het om aansoek te doen vir amnestie wat positief sou bydra tot nasiebou en versoening
- Hy het verwys na die NP-leiers wat geweier het om te getuig – dit het ŉ negatiewe impak gehad op die versoeningsproses

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

2.1.6 [*Bepaling van vooroordeel ten opsigte van inhoud vanuit Bron 2A –V3*]
- Die blanke mense was erg teleurgestel deur die NP-leierskap
- Baie van hulle dra ŉ las van skuld wat verminder sou word indien hulle die geleenthede wat die Kommissie aangebied het, aktief aangegryp het.
- Die ontkenning deur soveel blanke Suid-Afrikaners dat hulle voordeel getrek het uit apartheid, was ŉ verlammende, selfverslane slag vir hul vermoë om die vrugte van verandering te geniet. (Enige 2 × 2) (4)

2.2 2.2.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1*]
- Verskeie gruweldade (moorde) van die verlede was nie behoorlik ondersoek nie.
- Daar was ŉ oorbeklemtoning van die rol van die voormalige veiligheidsmagte.
- Die moord op ongeveer 400 hoof IVP-leiers is nie deeglik ondersoek nie.
- Daar is nie ŉ diepgaande ontleding gemaak van wat baie as ‘swart-op-swart’ geweld beskou het nie. (4 × 1) (4)

2.2.2 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2*]

- Hy het geglo dat die WVK ingestel was om alle blanke NP-amptenare wat op een of ander manier betrokke was by politieke moorde tydens apartheid te vervolg
- Hy het geglo dat die ANC wou die WVK gebruik as ŉ instrument om blankes te vervolg
- Hy het nie geglo in die ideale van die WVK nie
- Hy wou op nasiebou fokus
- Hy wou op versoening fokus en nie die soeke na geregtigheid nie

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 1 × 2) (2)

2.2.3 [*Omskrywing van historiese konsep vanuit Bron 2B – V1*]

A *Opkomende demokrasie*
Land wat onlangs hul onafhanklikheid verkry het en in ŉ demokratiese regering moet groei. (1 × 2) (2)

B *Amnestie*
Amptelike kwytskelding vir diegene wat politieke misdade tydens Apartheid gepleeg het. (1 × 2) (2)

2.3 2.3.1 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C – V1*]

- IVP (1 × 1) (1)

2.3.2 [*Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C – V1*]

- Gedurende die 1980's het die Suid-Afrikaanse Weermag ŉ gewapende en offensiewe paramilitêre eenheid van die IVP opgelei. (1 × 1) (1)

2.3.3 [*Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2*]

- Hulle het toegelaat dat hulle deur die NP gebruik word om Swart op Swart geweld te pleeg
- Hulle het geweier om deel te neem aan die onderhandelingsproses
- Hulle wou hul eie onafhanklike staat hê wat in lyn was met die NP se beleid van afsonderlike ontwikkeling

*Enige ander relevante antwoord.* (Enige 2 × 2) (4)

2.3.4 [*Vergelyking van inligting in Bron 2A en 2C – V3*]

- Bron 2A verklaar dat die WVK misluk het omdat die NP nie vorentoe gekom het nie terwyl Bron 2C verklaar dat die Inkhata Party verantwoordelik was vir die tweede grootste hoeveelheid menseregteskendings
- Bron 2A verklaar dat die Blankes nie die vrugte van veranderinge kon geniet en toepas nie terwyl Bron 2C sê dat die WVK nie die hoof van die IVP gedagvaar het nie weens ŉ vrees vir geslagsgeweld in die gewelddadige (onstabiele) KwaZulu-Natalse streek

*Enige ander relevante antwoord.* (2 × 2) (4)

Kopiereg voorgehou

2.4 2.4.1 [*Bepaling van vooroordeel ten opsigte van inhoud vanuit Bron 2D – V3*]

- Daar is lede van die ANC wat ons mense vermoor
- Dit is lede van die weermag, lede van die polisiemag en lede van die inligtingsdiens wat ook agter hierdie geweld is
- Mense wat om watter rede ookal deelneem aan hierdie geweld – vermoor onskuldige mense net omdat ander onskuldige mense gedood is-hierdie 'vryheidsvegters' –dien nie die stryd van vryheid nie. (Enige 2 × 2) (4)

2.5 [*Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit alle relevante Bronne – V3*]

- ANC het die blankes geblameer omdat hulle nie na vore gekom het nie (Bron 2A)
- Blankes het versuim om voordeel te trek uit die WVK deur te weier om te getuig (Bron 2A).
- De Klerk was krities teenoor die WVK omdat dit beweer het dat hy betrokke was by menseregteskendings terwyl hy president was-hy het gesê dat hy het nie geweet van hierdie misdade nie (Bron 2B)
- NP het geglo dat die WVK nie die weg was nie maar Ubuntu-nasiebou (Bron 2B)
- Ander leidende figure van die apartheidsregering het ook die net van die WVK ontsnap omdat min van hulle getuig het maar niemand is gestraf nie
- Gruweldade wat deur die IVP/Zoeloes gepleeg was, is grootliks geïgnoreer (Bron 2C)
- Zoeloe-leiers het geweier om te getuig
- Party lede van die ANC was krities teenoor die WVK en het dit gesien as ŉ poging om die bevrydingsstryd te kriminaliseer
- NP was bevrees dat die WVK as ŉ politieke wapen teen sy teenstanders gebruik sou word deur ŉ dominante ANC wat op vergelding uit was.
- Beide die NP en die IVP het ook die aanstelling van baie kommissarisse gekritiseer, waaronder die voorsitter, Aartbiskop Tutu, wat veral deur die IVP gesien was as ŉ vurige ANC ondersteuner en die ondervoorsitter, Alex Boraine, wat met die NP ŉ geskiedenis van konflik gehad het.

  *Enige ander relevante antwoord.*

Gebruik die volgende rubriek word om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. **Kan nie rapporteer oor die verskillende politieke partye se reaksies op die doelwitte van die WVK nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor 'n onderwerp rapporteer nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en verwys tot 'n groot mate na die onderwerp, bv. **Kan rapporteer oor die verskillende politieke partye se reaksies op die doelwitte van die WVK**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik gepaste bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die verskillende politieke partye gereageer het op die doelwitte van die WVK**.<br>• Bewyse verwys goed na die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp wys. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

## AFDELING B

## VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

***"Die bydraes van die Anti-Apartheidsbewegings was die finale spyker in die kis van die Apartheidsregering."***

***Stem jy saam met hierdie stelling?***

***Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse.***

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie en kortliks uitbrei daarop.

UITBREIDING
- Die Anti-Apartheid Beweging (AAM) in Brittanje gemik om apartheid te beëindig deur boikotte en isolasie van Suid-Afrika deur die internasionale gemeenskap.
- Hulle het demonstrasies buite die Suid-Afrikaanse ambassade in Brittanje gehou asook teen maatskappye wat met Suid-Afrika sake gedoen het
- Die gevolg van hierdie aksie: Barclays Bank het hul aandele in SA verkoop
- Hulle het 'n sterbelaaide konsert by Wembley gehou om die vrylating van Mandela te eis
- *IAAM* het sport, kulturele, akademiese en ekonomiese sanksies wat Suid-Afrika internasionaal geïsoleer het geïnisieer
- Sport boikotte:
  - AAM verhoed SA om deel te neem aan internasionale kompetisies:
  - Die Gleneagles-ooreenkoms het die Statebondslande aangemoedig om sportbande met SA te sny
  - SA is uit die Internasionale Olimpiese Spele geskors
- Kulturele boikotte:
  - Britse en Amerikaanse musikante het geweier om in SA op te tree
- Akademiese boikotte:
  - SA akademici is uitgesluit van die bywoning van internasionale akademiese konferensies
- Verbruikersboikotte:
  - Die algemene publiek was aangemoedig om SA goedere te boikot
- Disinvestering - Chase Manhattan Bank sny bande met SA
  - Die Europese Ekonomiese Gemeenskap het nuwe investering in SA in 1985 verban
  - 1986 Amerika verban alle nuwe lenings en investerings in SA
  - Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, IBM General Motors and Mobil het hul bedrywighede in SA toegemaak
- Sanksies - In 1977 verban die VN die verkope van wapens aan SA
  - In 1973 het OPEC 'n olie-embargo teen SA opgelê
  - Die VSA het geweier om SA landbouprodukte, yster en staal te koop.
  - Die VSA verbied direkte lugreise tussen die lande
- Internasionale vakbonde het die anti-apartheidsbeweging aangemoedig om SA goedere te boikot en om sanksies en disinvesteringsinisiatiewe te ondersteun.

- Die Frontliniestate het die ANC toegelaat om basisse en militêre oefenkampe in hul lande te vestig.
- Van hier af was die ANC in staat om MK-aanvalle te loods en die gewapende stryd te versterk.
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie op die rand van ineenstorting
- Sanksies en disinvestering het gelei tot verhoogde werkloosheid en armoede
- Dit het gelei tot verhoogde interne weerstand
- Dit alles het dit vir die NP baie moeilik gemaak om te oorleef
- Dit was dus die kombinasie van interne en eksterne druk wat tot die ondergang van apartheid sou lei

  *Enige ander relevante antwoord.*

SLOT
Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

**VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE HANTERING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE RNE**

***"Die sonsondergang-klousule het die dooiepunt tussen die ANC en die NP gebreek en die weg vir die eerste demokratiese verkiesings in 1994 gebaan."***

***Evalueer hierdie stelling krities met verwysing na die proses van onderhandelinge in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.***

INLEIDING
Die kandidate moet fokus op die sleutelwoorde in die stelling "Sonsonderganklousule het die dooiepunt gebreek" en beoordeel of hulle met die stelling saamstem of nie saamstem nie.

UITBREIDING
- Ontbanning van politieke partye
- Vrystelling van Mandela
- Grootte Schuur-Minute
- Pretoria-Minuut
- Kodesa 1
- Slegs Blanke Referendum
- Kodesa 2 en uitbreek van geweld
- Boipatong en Bisho-slagting
- Goldstone-kommissie
- Rekord van Verstandhouding
- Sonsondergangklousule
- Veelparty gesprekke by Wêreldhandelsentrum
- Moord op Chris Hani
- Verkiesings

SLOT
Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

## VRAAG 5: DIE VAL VAN KOMMUNISME EN DIE NUWE WÊRELDORDE

***Tot watter mate het die ineenstorting van kommunisme die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika tussen die jare 1989–1990 beïnvloed?***

SINOPSIS
Kandidate moet bepaal in watter mate die ineenstorting van kommunisme bygedra het tot die politieke ontwikkelinge in SA.

UITBREIDING
- Ekonomiese toestande in Rusland in die laat 1980's
- Gorbatsjof se beleid van Glasnost en Perestroika
- Gorbatsjof beëindig die kernwapenwedloop met die VSA
- Gorbatsjof beëindig die oorlog in Afghanistan
- USSR doen afstand van haar oorheersing oor Oos-Europa
- Die val van die Berlynse Muur en die einde van kommunisme
- Impak op die ANC – die finansiële en militêre steun van die USSR verloor
- Impak op die NP – verloor steun van die Weste – het die einde van Apartheid geëis
- Slag van Cuito Cuanavale en die onafhanklikheid van Namibië
- Verandering van leierskap – De Klerk neem mag oor
- De Klerk is bereid om met die ANC te onderhandel
- Vrystelling van Mandela en vestiging van platvorm vir onderhandelinge

SLOT
Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorgehou